NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Addendum van 9 bladsye (i–ix). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

   **AFDELING A: Begrip, Taal en Styl**
   **AFDELING B: Poësie**
   **AFDELING C: Visuele Geletterdheid, Kritiese Taalbewustheid**

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.

6. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde en bly binne die regterkantse kantlyn.

8. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die puntetoekenning by elkeen van die vrae as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.

10. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.

---

IEB Copyright © 2016

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

Lees die ope brief* (**TEKS 1** in die Addendum) wat die bekende misdaadromanskrywer, Deon Meyer, vir *Die Burger* geskryf het in reaksie op opmerkings en vrae deur mediapersoonlikheid Gareth Cliff in sy onlangse boek *Gareth Cliff on Everything* oor **Afrikaanses se kultuur**.

> ***'n Ope brief** word gewoonlik aan een persoon gerig, maar is eintlik ook bedoel vir die publiek omdat dit in die openbaar (gewoonlik in die media) gepubliseer word – sodat almal dit kan lees.

## VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL

1.1 'n Brief op hierdie vlak kan maklik uiters formeel geskryf word.

1.1.1 Waarom dink jy verkies die briefskrywer 'n meer **informele styl**? Motiveer jou antwoord deur paragraaf 1 te betrek. (2)

1.1.2 Haal enige **voorbeeld** van dié informele styl uit die teks aan. (1)

1.2 In paragraaf 2 verwys die briefskrywer na die aangesprokene, Gareth Cliff, se navorsing. Sê in jou **eie woorde** waarom die briefskrywer dink die navorsing was "**effe**" en "**skraps**". (1)

1.3 Skryf in 'n goeie volsin wat deur die vrae (par. 2) in Cliff se boek **gesuggeree**r word. (1)

1.4 Beskryf kortliks wat 'n "romansier" (par. 3) is of doen. (1)

1.5 In paragraaf 4 kom twee **idiomatiese uitdrukkings** voor, naamlik:
- "Op musiekfront gaan dit ook **klopdisselboom**."
- "… terwyl fenomenale jonger talent by die bestes internasionaal kan **kers vashou**."

Verduidelik die betekenis van EEN van bogenoemde idiome binne die konteks. (1)

1.6 Waarna verwys die "spogtery" in paragraaf 5? (1)

1.7 Benoem die **klank- of stylfiguur** in "doef-doef" (par. 7) EN dui die effek daarvan in hierdie konteks aan. (2)

1.8 Wat is die betekenis van die **postmorfeem** in die woord "waardeloos" (par. 7)? Betrek die konteks in jou antwoord. (2)

1.9 Gee gepaste **sinonieme** vir "silwerdoek en kykkassie" (par. 8). (1)

1.10 In paragraaf 7 verwys die briefskrywer na **Engels** as "die taal van Shakespeare" terwyl hy in paragraaf 9 na **Afrikaans** as "die Soetste Taal" verwys. Waarom dink jy verwys die skrywer op dié manier na die twee tale (i.p.v. die taalname self)? Dryf jou antwoord deur die effek van beide verwysings binne die konteks te bespreek. (2)

1.11 Die brief het 'n sterk betogende aard. Lees weer die briefopskrif, paragraaf 3–4 én paragraaf 7–10 en som DRIE **hoofargumente** van die briefskrywer noukeurig, in jou eie woorde, op. (3)

1.12 Lees nou weer **die aangesprokene** se argumente soos in paragraaf 2 en paragraaf 6 aangedui.

**Opdrag**: Betoog **jou standpunt** hieroor deur duidelik kant te kies en jou siening oortuigend te bewoord. Betrek die **teks** en die **hedendaagse Afrikaanse kultuurbedryf** om jou standpunt te versterk. (3)

1.13 Skep jou eie **neologisme** (nuutskepping) vir "chicklit" (par. 9). (1)

1.14 Die gebruik van **hakies** is opvallend van die skrywer se styl (paragrawe 2, 3, 5, 8 en 9). Verduidelik die oorkoepelende funksie daarvan binne die konteks deur veral na die skrywer se **toon** te verwys. (2)

1.15 Motiveer kortliks waarom jy dink die skrywer dit nodig geag het om hierdie saak in 'n **ope brief** aan te spreek in plaas daarvan om aan Gareth Cliff alleenlik te skryf. (1)

**[25]**

## VRAAG 2 TAAL EN STYL

Lees die rubriek "By die gevrekte 2015 se doodsbed" (**TEKS 2** in die Addendum) deur en voer die onderstaande opdragte uit.

2.1 In paragraaf 1–2 word die **komma** altesaam vyf keer gebruik – bykans elke keer vir 'n ander rede. Dui enige **twee** kommas se funksies onderskeidelik aan. Skryf in beide gevalle die woord voor en na jou gekose komma neer mét die spesifieke funksie. (2)

2.2. Kyk na die interessante gebruik van die **persoonlike voornaamwoord** in paragraaf 3 ("haar" en "sy") en in paragraaf 10–11 ("hy").

Verduidelik breedvoerig wat jy dink die spreker met die **geslagsonderskeid** binne die konteks wil bereik. (3)

2.3 Verduidelik kortliks die **verskil** tussen die handvashouery in paragraaf 2 en dié in paragraaf 6. (1)

2.4 Die onderstreepte sin in paragraaf 5 is in die **bedrywende vorm**.

2.4.1 Herskryf die sin in die **lydende vorm**. (1)

2.4.2 Watter vorm dink jy pas die beste in hierdie konteks – lydend of bedrywend? Motiveer jou antwoord. (1)

2.5 Benoem die **woordsoort** van die woord "ag" soos dit in paragraaf 7 gebruik word EN verduidelik ook watter gevoel die spreker met dié woord wil oordra. (2)

2.6 Die spreker maak gebruik van **personifikasie** om sy jaar/jare – en veral ook jaareinde – **uit te beeld**. Dink jy hierdie beeldspraak is gepas? Motiveer jou antwoord deur die konteks te betrek. (2)

IEB Copyright © 2016 

2.7 In paragraaf 8 verduidelik die spreker dat hy eintlik besig is met "konstruktiewe terugvoer" oor sy jaar.

Die jaar 2016 is ook amper verby. Bedink jou **eie** personifikasie wat jóú matriekjaar uitbeeld en gee op dié manier terugvoering oor jou jaar in twee beeldryke sinne. (Dit kan positief en/of negatief wees.) (2)

2.8 Verduidelik die funksie van die **ellips** in die onderstaande sin soos dit binne die konteks van paragraaf 11 gebruik word:

Hy is nie … wat bedoel jy hy leef nog? (1)

**[15]**

## VRAAG 3 OPSOMMING

Lees die raadgee-rubriek (**TEKS 3** in die Addendum) deur en maak 'n opsomming daarvan vir *Beeld* se skole-afdeling met die oog op huidige matrikulante.
Gebruik as opskrif vir jou opsomming: **Raad aan voornemende studente**

**BELANGRIKE INSTRUKSIES:**

- Jou opsomming moet in die vorm van **een paragraaf** aangebied word.
- *Beeld* is 'n **formele** publikasie. Maak dus seker jou **taalgebruik** is korrek en dat die **styl**, **toon** en **register** gepas en raadgewend is. **Volsinne** is noodsaaklik.
- Jou opsomming mag nie langer as **90 woorde** wees nie.
- Moenie die gegewe opskrif insluit in die woordtal nie. (*Die* en *'n* word wel ingesluit.)
- Dui die **akkurate woordtal** onderaan jou opsomming aan.
- Gebruik jou **eie woorde** en gee aandag aan **samehang** sodat jou paragraaf as 'n vloeiende geheel lees.
- **WENK:** Jy moet ongeveer 15 hoof- en ondersteunende gedagtes uit die teks opsom.

Jou opsomming word met 'n metingskaal beoordeel.

**[10]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2016

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "demosthenes, die klipkouer, digby kalamata" geskryf deur Fanie Olivier (**TEKS 4** in die Addendum) deur en beantwoord die onderstaande vrae.

4.1 Verduidelik die **titel** van die gedig volledig deur na elke onderskeie deeltjie te verwys. (3)

4.2 Verduidelik nou ook die **figuurlike betekenis** van "klipkouer" binne die konteks van die gedig. (1)

4.3 Gee een moontlike funksie vir die **punte** wat in versreëls 14, 15 en 20 voorkom. (1)

4.4 **Alleenplasing** word effektief in reël 8 én reël 27 gebruik.

4.4.1 Waarom dink jy word hierdie reëls alleen geplaas? Betrek die konteks. (1)

4.4.2 Verduidelik die waarneembare **progressie** deur na die **kontras** tussen dié twee reëls en die **groter geheel** te verwys. (3)

4.5 Hierdie gedig kan as **METAPOËSIE** (om te dig oor digterskap of die skryf van gedigte) geklassifiseer word: Die digter word **vergelyk** met Demosthenes.

Skryf **enige enkele versreël** uit die gedig neer wat bogenoemde metapoësie-laag sterk aandui EN **verduidelik** hoe dié reël as metapoëties verstaan kan word binne die gedigkonteks. (3)

**[12]**

IEB Copyright © 2016 

**[BEANTWOORD VRAAG 5 *OF* VRAAG 6]**

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

Lees die gedig "Herinnering" deur Elizabeth Eybers (**TEKS 5** in die Addendum) én die vrae hieronder deur en beantwoord dan die vrae noukeurig.

5.1 5.1.1 Wat **uiterlike bou** betref, kan die gedig as 'n **Italiaanse sonnet** beskou word. Bespreek hierdie stelling deur spesifiek aandag aan die **strofeverdeling** en **rymskema** te gee. (2)

5.1.2 Die sonnet bevat gewoonlik 'n **wending**: die punt waar 'n toepassing, verklaring of verdieping intree.

Dink jy hierdie gedig bevat 'n wending? **Indien wel:** Haal die versreël aan **en** motiveer waarom jy dié reël as 'n wending in die gedig sien./**Indien nie:** Motiveer jou antwoord deur die innerlike bou van die gedig te bespreek. (2)

5.2 Skryf **twee opeenvolgende woorde** uit strofe 3 (reëls 9–14) neer wat daarop dui dat die herinnering skerp in die geheue van die spreker ingeprent is (ten spyte van die gepaardgaande verwardheid). (1)

5.3 Wat dink jy is die **tema** van die gedig? Skryf 'n goeie volsin. (1)

5.4 Verduidelik reël 9 OF reël 10 van die gedig deur:

- die betekenis van die reël van jou keuse in jou **eie woorde** weer te gee;
- die funksie van die **ellips** van jou gekose reël binne die konteks te verklaar.

(2)
**[8]**

**OF**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

Lees die gedig "Winter" deur N.P. van Wyk Louw (**TEKS 6** in die Addendum) én die vrae hieronder deur en beantwoord dan die vrae noukeurig.

6.1 6.1.1 Hierdie gedig is 'n goeie voorbeeld van 'n **Engelse sonnet**. Bespreek die **uiterlike bou** van die gedig deur spesifiek aandag te gee aan die **rymskema** en hoe dit 'n waarneembare **verdeling** bewerkstellig. (2)

6.1.2 Die Engelse sonnet bestaan gewoonlik uit een deurlopende gedagtegang wat progressief uitloop op 'n kerngedagte as hoogtepunt.

Bespreek volledig hoe die bekende uitdrukking "Sien is glo" vir die spreker uiteindelik tot 'n kernbesef lei. (3)

6.2 Skryf **twee opeenvolgende woorde** uit reëls 5–8 neer wat dui op 'n onsigbare/ verskuilde groeiproses wat hier aan die gang is. (1)

6.3 **Verduidelik** die funksie van die **retoriese vraag** in die slotreëls van die gedig. (2)
**[8]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "die slag" deur Vincent Oliphant (**TEKS 7** in die Addendum) én die vrae hieronder deur en beantwoord dan die vrae noukeurig.

7.1 Die titel van die gedig is **dubbelsinnig**. Een moontlike verklaring van die **woord** "slag" in die titel kan '*n skielike, harde geluid* wees.

7.1.1 Verduidelik kortliks een betekenis van die **titel** deur bogenoemde woordverklaring én die konteks te betrek. (1)

7.1.2 Watter ander betekenis kan die **titel** nog moontlik hê? Betrek die konteks. (1)

7.2 Verduidelik kortliks, in jou eie woorde, wat die ek-verteller in elk van strofes 1–4 "sien". (2)

7.3 Skryf in een volsin wat jy dink moontlik in die "gebed" (reël 8) gebid word. (1)

7.4 In reël 11 word die woord "blootse" op 'n ongewone manier gebruik.
Gewoonlik ry 'n mens 'n perd bloots wat beteken jy ry sonder 'n saal.

Wat dink jy word **gesuggereer** met die manier waarop "blootse" binne dié konteks gebruik word? (1)

7.5 Gee **een** goeie rede waarom die **tipografiese inkeping** van reël 12 so effektief is. (1)

7.6 Die slotreël (reël 13) van die gedig is belangrik.

7.6.1 Dui die volle implikasie van dié reël aan deur **OF** die "dit" volledig in jou eie woorde te omskryf **OF** deur die reël volledig in jou eie woorde te voltooi. (1)

7.6.2 Noem enige **twee tegnieke** waarop die digter hierdie reël se belangrikheid beklemtoon. (2)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2016

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID, KRITIESE TAALBEWUSTHEID

## VRAAG 8 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (**TEKS 8** in die Addendum) noukeurig en beantwoord die vrae.

8.1 Gee enige **drie visuele bewyse** uit die **vrou** se ruimte dat die *Volksblad*-berig wel waar is vir die gesin wat in die spotprent uitgebeeld word. (3)

8.2 Verwys na **twee** aspekte van die **man** se **lyftaal** om die **kontras** tussen die vrou en die man in die spotprent aan te dui. (2)

8.3 Verduidelik die **verskil** in **toon** tussen die vrou en die man se **aanspreekvorme** noukeurig. ("Liefie" vs. "Hartjie" in die spraakborrels.) (2)

8.4 Kyk mooi na die **twee muise** en wat hulle sê en skryf in 'n volsin wat jy dink hul rol in die spotprent is. (1)

**[8]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 9 TYDSKRIFVOORBLAAIE

Beskou die twee *Huisgenoot*-voorblaaie (**TEKS 9 en 10** in die Addendum) deeglik en beantwoord die vrae daaroor gestel.

9.1 Die **hoofberig** van die eerste voorblad (Teks 9) is die aktrise Donnalee wat van haar man skei. Op die tweede voorblad (Teks 10) handel die **hoofberig** ook oor akteur Heino wat waarskynlik (op daardie tydstip) gaan skei.

9.1.1 Watter **twee visuele tegnieke** word ingespan om die hoofberigte vir die leser aan te dui? (2)

9.1.2 In die tydskrifwêreld verkoop die voorblad (met sy hoofberig en foto) die tydskrif. Watter **tipe stories**, lei jy van hierdie hoofberigte af, is die tipe stories wat meebring dat *Huisgenoot* – as "Grootste tydskrif in Suid-Afrika" – so 'n hoë verkoopsyfer het? (1)

9.2 *Huisgenoot* se beriggewing oor dié twee skeisake is dalk **nie** so versigtig, sensitief en selfs geloofwaardig **nie**, maar word eerder op 'n sensasionele wyse aangebied.

Bewys dat **sensasie** die hoofklem in BEIDE die **hoofberigte** geniet deur na die volgende aspekte te verwys:

- die digitaal-geskeurde **foto's**;
- die **woordkeuses** in die op- en byskrifte (gebruik gepaste voorbeelde);
- die **doel van die ander stories** wat aan die hoofstories **gekoppel** word (die ander storie in Teks 9 is: 'n Moontlike verhouding met mede-akteur Ivan; en in Teks 10: Heino – as Altus – wat vrede maak met Paula). (6)

9.3 Verduidelik kortliks waarom, dink jy, die *Huisgenoot* juis dié foto van al die honderde beskikbare foto's van die akteur Ivan Botha (links onder op die skeifoto van Teks 9) geplaas het. (1)

9.4 Watter bittere **ironie** is waarneembaar op beide voorblaaie met die keuse van die ander sub-stories? Verduidelik. (2)

**[12]**

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016